Namibian Brahman Breeders Society
P.O. Box: 11790 Tel: 061-240573
Windhoek Fax 088643348
www.brahman.iway.na brahman@iway.na

Riglyne en Prosedure vir Beoordelaars

Die Beoordeelaarsbeleid

Ten einde u in staat te stel om die verantwoordelike taak wat aan u opgedra is, so effektief en konstruktief as moontlik uit te voer, moet genoegsame klem geplaas word op sekere belangrike eienskappe.

Eienskappe varieer volgens hulle relatiewe belangrikheid teenoor mekaar en moet daar gevolglik altyd gelet word op die *ekonomiese belangrikheid* daarvan in vergeleke met *funksionaliteit.* So kan byvoorbeeld uitdraai voorbene en ‘n regop hak as twee fouteienskappe geïdentifiseer word, maar sou die hak as meer belangrik beoordeel word aangesien dit die funksie van ‘n bul is nl. om te dek, kon beïnvloed.

Poog om met u plasings sowel as kommentaar deurentyd die aksent op markgerigtheid en ekonomiese eienskappe te plaas. Benewens die stoetmark waarin die ras ‘n prominente rol as moederlyn moet vervul en as sulks ook sy markaandeel moet behou, moet die kommersiële mark veral ten opsigte van sy vermoë om afgeronde diere te produseer eweneens beklemtoon word. Ten einde hierdie markaandeel te behou, word u aandag gevestig op die volgende aksente wat u asseblief in die beoordelaarsring moet beklemtoon.

A. Geslagsegtheid

1. *Manlikheid*

Kenmerke: Sterk gevormde kop, skofontwikkeling, nekbespiring, verdonkering, testes ontwikkeling, sterk ontwikkelde voorkwart en uitdrukking (ekspressie) houding. Gebruik woorde soos: sterk, breed prominent en gebalanseerd.

2. *Vroulikheid*

Kenmerke: Kop, matige skofontwikkeling, nek (nekplooitjies), speenontwikkeling en wig. In bespreking moet klem val op fynere ontwikkeling. Waak teen oorontwikkelde skowwe en oormatige nekbespiering.

3. *Bespiering*

Bespiering vorm deel van geslagsegtheid. Deurgaans moet die bul sterker en meer gedefinieerde bespiering toon as in die geval van die vroulike dier. By die vroulike dier moet bespiering meer glad vertoon.

Gebruik woorde soos sterk bespiering en definisie van spier by die bul. Definisie van spier verwys spesifiek na die “bult” van spiere. By die vroulike dier kan woorde soos bevlesing i.p.v. bespiering gebruik word.

B. Vleiseienskappe en bespiering (kapasiteit)

Let hier op ekonomies belangrike eienskappe wat n fuksie is van groei en bespiering en plaas aksente op eienskappe soos lengte, breedte, diepte, sprong van rib en balans. Let op na die gedefineerdheid van oogspier, rug, lende en die lengte van heupbeen na sitbeen(kruis) Kyk na bespiering en waak teen oorvet diere.

C. Strukturele korrektheid

Hier verwys ons na alle funksionele dele: bekke, kake, bene, hakke, kloue, skede uier en spene, kruis.

D. Konstitusie

Let op die volgende eienskappe:
Goeie oogspierontwikkeling. Sterk agter die skouers met goeie skoueraanhegting, goeie breedte in die borsvloer. Goeie sprong van rib. Goeie bespiering. Stand van bene en beweeglikheid en haarkwaliteit.

E. Loopvermoë

Brahman is ‘n ekstensiewe ras en is beweeglikheid van kardinale belang. Kyk na been – of voetfoute. Kyk na dier se agterbene, veral hakke en kootgewrigte. Daar moet veral gediskrimineer word teen diere met regop hakke.

F. Kommentaar

1. Maak seker dat u die regte terminologie ken en gebruik wanneer u na bepaalde eienskappe of dele van ‘n bees verwys tydens u kommentaar.
2. Wees spesifiek in u kommentaar instede van woorde te gebruik soos: lekker, mooi, beter, pap of hou van. Uitlatings soos “Vers no.1 is beter as vers no.2 omdat sy beter bespiering toon”, gee geen verduideliking aan die vertoner of omstander waar spesifiek u die beter bespiering geïdentifiseer het nie.
3. Gee slegs die belangrikste redes vir u plasings deur u plasings in pare te verduidelik bv. 1 met 2, 2 met 3 ens.

G Metodiek van Beoordeling

Om suksesvol as Beoordelaar op te tree, word aanbeveel dat jy die volgende metode as riglyn gebruik om professioneel, metodies en georganiseerd jou taak te verrig.

Beoordeling bestaan basies uit twee fases, nl:

n Kwalifiserende en Vergelykende fase, wat deurlopend met die klas toegepas moet word.

1. Die Kwalifiserende Fase

Sodra al die diere vir die betrokke klas in die ring is, posisioneer jouself in so n posisie, dat jy die ringgids opdrag kan gee dat elke dier na jou beweeg om sodoende die dier van voor, terwyl dit loop, te beoordeel. Laat die diere altyd kloksgewys in die rondte loop, omdat dit die hanteerder altyd aan die buitekant van die dier plaas. Nou let jy op na die volgende

(a) Kop en bek, voorbene (loopvermoë) en bors. Tree nou na binne, sodat die hanteerder aan die buitekant van die dier loop en kyk vir die volgende:
(b) Bek (let op na die onderkaak), nek, skouers, skof, sprong van rib, lengte en diepte van lyf, preputium/naelvel, agterkwart en loopvermoë. Tree nou na agter terwyl die dier van jou af wegloop en jy na die volgende kyk:
(c) Kyk na die sitbeenwydte, omdat dit meestal n funksie is van die wydte dwarsdeur die dier se lyf. Kyk ook nou veral noukeurig na die dier se agterbene, veral hake en kootgewrigte (loopvermoë). Indien nodig kan jy die dier laat stilstaan terwyl daar noukeurig gelet word op die volgende:
(d) Let op die bul se testis(testisontwikkeling) of in die geval van n vroulike dier, kyk na haar geslagsontwikkeling, sowel as die uier en speenvorm, asook uieraanhegting.
(e) Temprament: - Diere wat moeilik hanteer in die skou-ring
    (i) n Dier wat losruk van sy halter in die ring kry net een kans.
    (ii) Indien n dier uit die beoordelaarsring hardloop, word hy gediskwalifiseer en word nie verder beoordeel nie.

    Nou is jy klaar met jou kwalifiserende fase en diere met ooglopende eienskappe waarmee jy nie tevrede was nie is uit die ring, terwyl jy nou begin met die Vergelykende Fase.

2. Die Vergelykende Fase

Op die stadium behoort jy alreeds n baie goeie indruk te hê van die standard van die klas, watter dier(e) jou beïndruk het of selfs jou waarskynlike 1ste plasing.

Posisioneer jouself nou in die middle van die ring, terwyl die diere in die rondte loop. Jy kan selfs die volgorde van die diere begin verander deur jou tweede beste dier agter die beste dier te laat loop. Die diere word nou met mekaar vergelyk.
Let nou op die volgende:

(a) Begin om die beste en die 2de beste ens. uit te haal en tentatief met mekaar te vergelyk waar hulle in die middel van die ring langs mekaar staan. Plaas die diere van links na regs vanaf voor gesien.
(b) Kyk nou veral na eienskappe soos : - **Geslagsegtheid, Konstitusie, Vleiseienskappe/Bespiering en Skede/Preputium** soos na verwys in die Beoordelaarsbeleid.

(c) Kyk die diere nou finaal deur waar hulle langs mekaar staan, terwyl jy bv. die 2de en 3de plasing weer laat loop om absolute sekerheid te verkry. Vergelyk die 1ste met die 2de, 2de met die 3de ens.
    (i) Oorvet diere
    Indien n dier die beste in sy groep is, maar die dier is oorvet, word die dier een plek gestraf – afgeplaas. Dit sal in die kommentaar uitgewys word
(d) Gee nou opdrag aan jou ringgids dat hy die diere finaal van links na regs vanaf voor gesien, plaas. Plaas minstens 6 diere, indien getalle dit moontlik maak.
(e) Nou behoort jy al die diere behoorlik gememoriseer te hê en is jy gereed om met kommentaar jou plaasings aan die publiek of omstanders te verduidelik.

'n Beoordeelaar van Brahmanbeeste is 'n ware ambassadeur vir die ras, sowel as die Telersgenootskap. Binne en buite die skouring word die beoordelaar se gedrag altyd fyn dopgehou; nie net deur vertoners en ander telers nie, maar ook deur die publiek. Ten alle tye dus, behoort 'n beoordelaar met waardigheid op te tree.

- Afgesien van 'n intieme *kennis* van die Brahmanras, poog die Genootskap om persone van *karakter en integriteit* op sy panel van beoordelaars te benoem. Moed, eerlikheid en opregtheid is noodsaaklike eienskappe vir 'n beoordelaar.
- Die goeie beoordelaar beskik oor 'n *aangename, bestendige geaardheid*, gepaard gaande met 'n stewige vasberadenheid. Hy of sy sal plasings verdedig sonder om anstoot te gee, en sal op geen manier impliseer dat die beslissings wat gemaak is, onfeilbaar is nie.
- 'n *Vriendelike geaardheid* bly een van die kardinale vereistes van 'n goeie beoordelaar. Beoordelaars behoort te poog om hierdie eienskap te ontwikkel ; die belangrikheid hiervan kan nie oorbeklemtoon word nie.
- Die beoordelaar het 'n *grondige kennis van die Ras-standaarde vir Brahmanbeeste*. Daarby is hy of sy ook ten volle vertroud met die aangewese tipe, die uitstaande eienskappe, en ook die gebreke wat in die ras voorkom.
- *Partydigheid en vooroordeel* het geen plek in die skouring nie. Op die dag is die reputasie van die vertoners en diere, sowel as die prestasies wat hulle reeds op ander skoue behaal het nie van belang nie. Dit is die voorkoms van die diere op die spesifieke dag van beoordeling wat tel.
- Die beoordeelaar knoop *nie besprekings aan met kennisse langs die ring nie*; dit lei gewoonlik tot die ontstaan van onnodige agterdog aan die kant van die toeskouers.
- Kommentaar t.o.v. *plasings is beknop, duidelik en logies*; oorgedra op 'n hoflike en taktvolle manier. Vermy ten alle koste, onnodige of skerp kritiek op diere wat geplaas is, veral m.b.t. diere wat laer af in die klas staan.
- Onder geen omstandighede sal 'n beoordelaar se optrede, sy of haar klaarblyklike *misnoë met* '*n dier in die ring reflekteer nie*. Dit bring die eienaar in 'n verleentheid.
- Die goeie beoordeelaar sal sorg dat hy of sy *netjies aangetrek* (das of "stringtie") is vir die beoordelings taak. In warm weer, mag mans 'n baadjie hinderlik vind en kan die baadjie later uitgetrek word.
- Sodra die beoordelaar by die skougronde aankom op beoordelingsdag, sal hy of sy onmiddelik aan 'n lid van die *Beestekomitee of die Skoukantoor raporteer*.

- *Beoordelaars* wat *in ‘n nie-amptelike hoedanigheid* toekyk terwyl ‘n kollega beoordeel, sal nooit vir hom of haar in die teenwoordigheid van vertoners en toeskouers kritiseer nie. Sulke opmerkings wat toevallig gehoor word, versprei vinnig om die ring, en word in die proses gewoonlik ook buite verhouding geruk. Vroeër of later sal hierdie ongevraagde kommentaar ook die ore van die beoordelaar in die ring bereik.

    - Die nagevolge van so ‘n gedrag kan onberekenbare skade op die paneel van beoordelaars tot gevolg hê, terwyl *dit die Genootskap ook in ‘n swak lig stel*. Die Genootskap behoort vir die beoordelaarspaneel ‘n forum te skep, waar verskille vertroulik aangspreek kan word.

Alle sukses met jou beoordeling!